

OOR OLINOSTERS EN WINDLATERERS

Kinders word tot in die afgrond bederf met twee nuwe boeke vir hulle

MENSE vra my al jare lank waar hulle Olinosters op die Dak in die hande kan kry, dus was ek verheug toe die uitgewer my laat weet dit word weer uitgegee," sê die skrywer Marita van der Vyver. "En toe ek hoor dit kry boonop 'n splinternuwe voorkoms, wel, dis meer as waarvan die meeste kinderboekskrywers ooit durf droom!"

"Ek's versot op die nuwe voorkoms wat Dale Blankenaar geskep het. Dit maak die boek toeganklik vir 'n nuwe geslag kinders van die 21ste eeu. Hy't nie net geïllustreer nie, hy het die hele boek herontwerp. Dale het byvoorbeeld klompie woorde op sekere bladsye ingepas sodat die monsters in die kind se verbeelding elke keer op 'n volle dubbelbladsy sonder enige woorde uitgebeeld kan word – wat hulle rêrig skrikwekkend maak.

"En die swart agtergrond met wit lettertjies op sekere bladsye om die donkerte en die vrees vir die donkerte te wys!

"Die lang voorkoms van die boek pas by die lang dun huis waarin die oupa en oma woon," verduidelik Marita. "Dale het nie eens geweet ek het so 'n lang dun ongebruikte graansilo op my erf op die Franse platteland nie; dit was net heerlike toeval, wat die Engelse 'serendipity' noem."

Ons het vir Dale 'n paar vrae gevra.



SUPPLIED



Olinosters op die Dak deur Marita van der Vyver. Illustrasies: Dale Blankenaar. (Tafelberg, R113*)



WILLEM LOURENS/SARIE

Wie is Keegan Blankenaar, aan wie jy Olinosters opgedra het?

Sy is my vrou. Ek het byna dag en nag aan Olinosters gewerk net nadat ons sewe maande gelede getroud is. Sy is my inspirasie en sy moedig my altyd aan om nooit groot te word nie.

Stel jy spesifiek belang daarin om kinderboeke te illustreer?

Ek verkies om dit "prenteboeke" te noem, want ek skep boeke vir myself, nie vir 'n spesifieke ouderdomsgroep nie.

Ek dink nie ek het al 'n grootmens geword nie, hopelik sal kinders dus ook hou van die werelde wat ek skep.

Jou illustrasies verskil baie van Piet Grobler s'n in die eerste uitgawe in 1996. Hoe het jy op

hierdie styl besluit?

Ek het besef ek moes iets anders as Piet se, daarom het ek besluit om die fokus te skuif na Daniel se verbeelding eerder as op die fisiese aspekte van die storie. Ek wou 'n realistiese ruimte skep, so wanneer ek dan die verbeelde kreature in dié ruimte plaas, sal dit hopelik 'n vreemde alternatiewe werklikheid skep. En hopelik wys dit hoe eg die seun se vrese vir hom is. Die visuele styl van die boek het uit die idee ontwikkel.

Daar kruip 'n teddie om elke bladsy weg. wat is sy storie?

Elke leser, ongeag sy of haar ouderdom, sal self moet uitwerk wat die beertjie se storie is. Een leidraad wat ek kan gee, is dat hy nie weghardloop nie ...

DIT WAS NIE EK NIE!

Deur Chris Chameleon. Illustrasies: Salemien Grobbelaar (Tafelberg, R122*)

Dis die oulike verhaal van diere wat 'n liedertlike ding oorkom: Net wanneer hulle lekker in die koelte op 'n miershoop gaan sit, klink dit of hulle kliphard 'n wind laat. Die sanger Chris Chameleon vertel waar sy eerste kinderboek, Dit Was Nie Ek Nie!, vandaan kom.

"Ek onthou ... dit min of meer so." Wat beteken die opdrag voorin die boek?

My jeug is 'n legkaart van werklike herinneringe en, ek vermoed, brokkies wat ek mettertyd self ingeknip het. Die boek lyk soos ek my prille jeug onthou – die onskuld daarvan, die kleur. Wanneer ek hierin blaai, is dit asof ek terugtree die verlede in en meegevoer word na 'n volledige beeld van hoe ek dinge gesien het toe ek vier was.

Hoe het dit gekom dat jy 'n kinderboek geskryf het?

Salemien Grobbelaar, die illustreerder, is al jare lank 'n dierbare vriendin van my. Ek gaan altyd by haar en haar man, Gijs, tuis tydens my Nederlandse toere. Sy skilder vandat ek haar ken kinderskinderye en dreig altyd om


iets daarmee te doen. Jaar vir jaar kom ek terug om te sien dat daar nog van die heerlike prente is, maar dat hulle stof vergader. Ek beloof haar toe dat ek 'n kinderboek gaan bedink wat sy moet illustreer. Een aand na 'n optrede in Thabazimbi het dié storie my kop binnegeskiet en ek het hom daar en dan dikteer aan my passasier terwyl ek Johannesburg toe bestuur het.

Hoe nou het jy met Salemien saamgewerk?

Ek moes die storie in brokkies verdeel wat elk dan 'n illustrasie moes kry. Dis nogal onregverdig dat my naam so groot voor pryk, want sy het die harde werk gedoen.

Kan ons nog verwag?

Ek het baie stories in my, en as mense dit wil hoor, sal ek hulle graag vertel.



JACO BOTHMA

* BESKIKBAAR TEEN HIERDIE PRYS BY TAKEALOT.COM. DIE PRYS WAS KORREK MET DRUKTYD EN IS ONDERWORPE AAN VERANDERING SONDER VOORAF-KENNISGEWING. ** ELKE SMS KOS R1,50. DIE BORG IS VERANTWOORDELIK VIR DIE VERSKAFFING VAN DIE PRYSE BINNE 'N REDELIKE TYD.